*Woensdag* **24 September**

**Skrifgedeelte: Jakobus 3:1-12**
**Fokusgedeelte: Jakobus 3:9-10 (AFR2020)**
**Wie is in beheer van jou tong?**

Jakobus beklemtoon dwarsdeur sy brief dat ’n gelowige sy of haar geloof bevestig met die manier waarop hy of sy lewe. Dit sluit ons manier van praat ook in.

Ongelukkig is die tong die moeilikste liggaamsdeel om te beheer (Jak. 3:1-2). Ten spyte van die tong se grootte het dit enorme krag (Jak. 3:3-5a). Soos ’n stang of ’n roer beïnvloed dit die koers waarin iemand inslaan. Die tong het die mag om wonderlike dinge te doen! Maar die teenoorgestelde is net so waar: die tong kan enorme skade veroorsaak (Jak. 3:5b-8). Die tong is soos ’n klein vuurtjie wat ’n groot bos aan die brand kan steek.

Maar dit is nie hoe God ons geskep het nie. God is die waarheid, en ons, wat Hy na sy beeld gemaak het, moet God se waarheid weerkaats. Waar het die verandering dan ingekom? By die sondeval het ons geluister na “die vader van die leuen” (Joh. 8:44). Sedertien is ons lewens deurdrenk met leuens en kwaadpraat en skinder en gevloek.

Uit ons eie sal ons nooit ons tonge kan tem nie. Maar wat vir ons onmoontlik is om uit onsself te doen, lei God ons om te doen. Ons Here Jesus Christus kom sterf onder andere vir al die sonde wat ons met ons tonge pleeg. Hy stuur vir ons sy Gees wat ons lei om ons te verheug in die waarheid en om in liefde by die waarheid te bly. Aan God alleen die eer!

Maar dan moet ons besef: Die tong mag nie dubbele standaarde hê nie (Jak. 3:9-12). Ons wat nuut gemaak is *kan* en *moet* ons tonge gebruik soos die Here dit wil. Dit is die grootste teenstrydigheid as ons bely dat God ons nuut gemaak het, maar ons tonge getuig nie hiervan nie.

*Sing: Psalm 19-1:7*
*Prof. AJ (Albert) Coetsee (TSP)*